

Source: RAPPORT

Date: 27-Jan-2013

Topic: 08

Ref No: 400



1

ID: 04120015-01 Source Page: 7

FOKUS OP || VERENIGING VAN FINANSIËLE TUSSENGANGERS:VYF JAAR OUD **SUKSESSE**

Vereniging floreer ondanks ekonomie

BRIAN VAN FLYMEN
PRESIDENT VAN DIE
VERENIGING VAN FINANSIËLE
TUSSENGANGERS

Die Vereniging van Finansiële Tussengangers en sy lede het sedert sy ontstaan in Januarie 2008 gefloreer – ondanks die moeilike regulatoriese omgewing en toenemende druk weens swakker ekonomiese toestande.

Heelwat van die vordering wat gemaak is, is daaraan te danke dat die organisasie en lede in onderhandelinge met ander partye 'n verenigde front gevorm het.

Die organisasie is geskep vanweë die besef dat alle finansiële tussengangers, ongeag die omvang van hul bedrywighede, gemeenskaplike belange het. Sy sukses is te danke aan die wyse waarop dié gemeenskaplike belange veral in skakeling met die regulerende owerhede uitgelig is.

Die Vereniging van Finansiële Tussengangers het tot stand gekom toe Safsia (die vereniging van finansiële dienste-tussengangers) en die IBC (die makelaarsraad) saamgesmelt en Luasa (die vereniging van professionele finansiële beplanners) ses maande later aangesluit het.

Voor die samesmelting was daar jare lank 'n behoefte aan 'n verenigde stem om die belange van tussengangers te verteenwoordig.

Die vereniging is vol hoop dat alle organisasies wat tussengangers verteenwoordig en soortgelyke beginsels volg, dit sal oorweeg om by hulle aan te sluit.

Die vereniging is bereid om met die reguleerder en alle ander belanghebbendes saam te werk wat die belange van tussengangers wil beskerm en die waarde van advies aan kliënte wil verbeter. 'n Finansiële produk kan net in die behoeftes voorsien waarvoor dit bedoel is as dit met relevante verduidelikings en advies gepaardgaan.

Dit is ook in ooreenstemming met die bedoeling van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (Fais).

Die vereniging is by verskeie bedrywighede betrokke om kliënte se belange te beskerm.

Daar word gepoog om die professionele ontwikkeling van lede op 'n volgehoue wyse te ondersteun en om hulle te help aanpas by verreikende wetgewing om kliënte te beskerm.

Dit beteken dat daar met talle belanghebbendes onderhandel moet word en die vereniging het al groot welslae aan dié front behaal:

► 'n Gedragskode is ingestel wat lede 'n raamwerk gee waarin hulle hul sake in ooreenstemming met Fais-bepalings kan bedryf.

► In 2008 is voorleggings aan die parlement gedoen oor lede se kommer oor die Wysigingswet op Versekeringswette en die gevolg was dat die instelling daarvan uitgestel is.

► Hy het 'n groot rol gespeel om inkomstestrome vir makelaars te verseker voordat nuwe bindings-ooreenkomste ingestel is.

► Steun is verskaf aan die dui-sendende sleutelpersone en individue wat onlangs die vlak 1-eksamens ingevolge Fais-wetgewing moes aflê.

► Direkte voorleggings is met sukses aan die minister van gesondheid gedoen om die vergoedingstruktuur van makelaars wat gesondheidsorgprodukte bemark, te hersien.

► Hy het Sasria oorgehaal om sy kommissiestruktuur vir makelaars te hersien. Dit het daartoe gelei dat kommissie verlede jaar van 10% tot 12% verhoog is.

► Hy het verseker dat sy groter lede steeds rente op premies ontvang nadat die reguleerders voorgestel het dat die praktyk gestaak word.

► Hy is betrokke by die mense-

Source: RAPPORT

Date: 27-Jan-2013

Topic: 08

Ref No: 400



1

ID: 04120015-02 Source Page: 7

kapitaalprojek, waarin bedryfsorganisasies en die Raad op Finansiële Dienste 'n loopbaan-padkaart vir nuwe toetreders tot die versekeringsbedryf opstel.

► Hy is verteenwoordig in die uitvoerende komitee van die Wêreldfederasie van Versekerings-tussengangers en 'n voormalige president van die vereniging, Seamus Casserly, is tans voorsitter van die internasionale organisasie.

Nog 'n belangrike projek is die vereniging se jaarlikse toekennings aan verskaffers van produkte en dienste aan finansiële tussengangers.

Dié toekennings, wat wyd erkenning kry, word deesdae beskou as die riglyn vir dienslewering en produkgehalte.

Voorgangers het baie myl se ervaring

Hoewel die Vereniging van Finansiële Tussengangers dié maand eers sy vyfde verjaardag vier, het sy voorgangers 'n lang geskiedenis in die Suid-Afrikaanse finansiële-dienstebedryf.

Die twee organisasies waaruit die vereniging ontstaan het, Safsia

(die vereniging van finansiële-dienste-tussengangers) en die IBC (die makelaarsraad), het albei meer as 27 jaar bestaan voordat hulle in Januarie 2008 saamgesmelt het.

Luasa (die vereniging van professionele finansiële beplanners) het hom ses maande la-

ter aangesluit.

Die lede van die Vereniging van Finansiële Tussengangers tree op namens meer as 80% van alle kliënte en ondernemings wat korttermynversekering koop en is betrokke by meer as 60% van alle transaksies in lewensversekering

en kollektiewe beleggings, asook 80% van alle sake wat met werknemervoordele te doen het.

Lede van die vereniging tree ook op in 'n beduidende persentasie van die transaksies wat met mediese dekking en versekering te doen het.